# MSc Bourekenkunde (12252031)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 180 |
| **Kontak** | Dr DJ Hoffman danie.hoffman@up.ac.za +27 (0)124202551 |

## Programinligting

Die graad word toegeken op grond van 'n verhandeling en 'n eksamen oor die vakgebied van die verhandeling en/of onderdele van die vakgebied soos deur die Departementshoof vereis. Verwys na G Regulasies G.30 tot G.40 en G.50 tot G.54.

## Toelatingsvereistes

- Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies, word 'n BScHons-graad of gelykwaardige kwalifikasie en praktiese ervaring wat as voldoende geag word deur die Departementshoof vir toelating vereis.
- Ter aanvulling van kennis kan van studente vereis word om aanvullende voorgraadse modules te slaag gedurende die eerste studiejaar van die graad.

## Addisionele vereistes

Ter aanvulling van kennis kan van studente vereis word om aanvullende voorgraadse modules te slaag gedurende die eerste studiejaar van die graad.

## Eksamens en slaagvereistes

Die minimum slaagpunt is 50% in beide die verhandeling en die eksamen.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat minstens 75% in die verhandeling en die eksamen behaal het.

# Kurrikulum: Finale jaar

## Kernmodules

### Verhandeling: Bourekenkunde 890 (BRK 890)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 180.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.